



LEEULANDER 2020

SWARTLAND NEWS

AUGUST 2020

Oom Jurgens Hanekom, die afgetrede Besturende Direkteur van die Swartland Groep, bekend as die grootste vervaardiger van vensters en deure, is op 85-jarige ouderdom oorlede.

Dié legendariese visioenër in die bouhandel het by die Universiteit van Stellenbosch as Voedseltegnoloog gekwalifiseer, waar hy terselfdertyd ook deelyds as elektrisiën gestudeer het.

Gedurende sy tyd by die familie-onderneming, wat reeds in 1951 gestig is, het Jurgens die houtvenster- en deur vervaardigingsproses ingrypend verander. Met sy wetenskaplike agtergrond en uitmuntende kennis van hout, kon hy die nuutste drogingstegnieke toepas.


Dit het Swartland baie gou van 'n klein streeksvervaardiger in Moorreesburg verhef tot 'n nasionale en internasionale mededinger van formaat.

Na sy aftrede op 70 jarige ouderdom, was hy steeds daaglik geklee in sy Swartland-uniform om toe te

Jurgens HN Hanekom

1935 – 2020

We mourn the loss of Oom Jurgens – husband, father, grandfather, business leader and inspiring mentor, whose legacy is the successful, vibrant business that Swartland is today.



sien hoe sy seuns Jurie, James en Hans voortbou op sy sukses. Hy het bykans daaglik die fabriek in Moorreesburg besoek. Hy was ook steeds nou betrokke by die Lions op Moorreesburg, iets wat hom

baie na aan die hart gelê het. Hy was die afgelope 2 jaar 'n geliefde inwoner van Huis Moorrees.

Jurgens laat sy vrou Magriet, met wie hy 59 jaar getroud was, 3 seuns en 10 kleinkinders agter.

Geagte Swartland Span,

Die hele wêreld beleef 'n krisis agv die COVID-19-pandemie. Dit het 'n groot impak op ons daaglikse lewens, ons besigheid, die plaaslike ekonomie sowel as die wêreld se ekonomie. Die situasie is vir ons almal vreemd en ons moet noodsaaklike aanpassings maak om saam met die pandemie te lewe en werk.

Ek wil almal bedank vir die aanpassings wat julle gemaak het om die krisis te hanteer en dinge te maak werk. Julle voortgesette toewyding maak 'n verskil. In 2021 vier ons ons 70ste bestaansjaar. In die 70jaar het ons al baie uitdagings gehad, ek twyfel vir geen oomblik dat ons hierdie wêreldse uitdaging ook met sukses sal oorkom nie.

Swartland was gelukkig om reeds op Vlak 4 te begin vervaardig en handeldryf in vergelyking met ander besighede en industrieë. Ons is steeds onder groot druk om die verliese wat tydens die tyd gemaak is toe ons nie mag gewerk het nie te



laat weg gaan. Baie besighede, groot en klein, moes ongelukkig hul besighede toemaak en baie het hul werk verloor in die laaste 6 maande van die pandemie. Sommige besighede moes baie afskaal om te kan oorleef in die krisis.

Ek doen 'n beroep op elkeen van julle om spaarsamig te leef en voorsiening te maak vir die toekoms. Die pandemie is nog nie verby nie en ons weet nie wat die toekoms inhou nie.

Die virusbedreiging is wêreldwyd, maar die

uitwerking en reels verskil van land tot land.

Volg asseblief die leiding van die Swartland COVID-19-komitee, hulle werk saam met plaaslike owerhede om seker te maak ons is almal veilig en bly gesond. Daar is ook die risiko dat as ons die reels verontagsaam die arbeids departement ons kan sluit en dit sal tot verdere verliese lei.

Dit is in krisistye wat helde gemaak word en ons wil hê dat ons Swartland waardes na vore moet tree gedurende hierdie tyd. Ek versoek almal om hiertoe by te dra, dit is nou die tyd om ekstra moeite te doen, om daardie ekstra myl te stap. Lewe ons leuse van... daaglik uit. Dit sal 'n groot verskil maak aan Swartland en ons samelewing.

Ek is trots en geïnspireerd deur die manier waarop Swartland hierdie uitdaging met aanpasbaarheid, moed - en 'n sorgsame hart - aangepak het. Kom ons werk almal saam om ons toekoms te verseker...

**Groete,
Hans Hanekom**

The Importance of Online CPD'S

During the COVID-19 lockdown period Swartland's architectural team, consisting of Arno Britz and Rudelle Jansen van Vuuren, was able to offer a two-hour webinar on "Sustainability in the Joinery Industry". The course is a valid Continuing Professional Development (CPD) accreditation from The South African Council for the Architectural Profession

(SACAP).

The course has been modified as an online presentation aimed at architectural professionals, interior designers and even builders, to earn their CPD credits in a convenient online platform. The lockdown period proved to be a valuable time for thousands of professionals to earn their credits.

The webinar covers a

brief history of Swartland's manufacturing processes, the procurement of sustainable raw materials, our sustainable business practices, new building regulations and its implications, product testing and performance, best building practices, how to specify joinery and lastly, the architectural services Swartland can offer to architectural professionals.

More than 180 professionals attended the course, which was offered on three separate webinars. The architectural team received positive feedback from attendees who found the course to be particularly interesting and resourceful. The webinar also offered a chance to exchange contact details building good future relationships between the architectural team and

other professionals.

Swartland's online CPD course plays an important role in assisting other architectural professionals with staying up to date with the latest product offerings and technology, while connecting with like-minded professionals from all over the country on one convenient platform.



We won the 2019 Build It Supplier of the Year award for the 5th year in a row.

This would not have been possible without the hard work and dedication of each and everyone at Swartland. Our motto is Experience Quality, in our products as well as our service. We take immense pride in what we do and we're

delighted to be in partnership with Build It, who shares similar values to ours. We like to believe that our affiliation compliments each other significantly. My thanks to you all again and let's see if we can make it 6 years in a row.

DO YOU DIY?

Well, yes we do – with Elle!

Elle inspires viewers to take on home DIY projects of their own, via her YouTube channel, Facebook and the COL Instagram page. Follow her on social media to stay up-to-date on DIY trends and topics.




Facebook: DIY with Elle Instagram: @coltimbers Twitter: @DIYwithelle

KZN Projects



Izinga Ridge, Umhlanga Rocks

This house is situated in Izinga Ridge, Umhlanga Rocks. The customer, Vanessa, was very impressed with our product quality offer and insisted that all her timber doors and skirtings was our product. Total order value was R100 000 – she used PD61 throughout the house as internal doors, single and double which we purpose-made. We also supplied her all her external doors which were custom made to her requirements.



In die gees van Ubuntu



Die geloof in 'n universele band van deel wat die hele mensdom verbind; Ubuntu.

Covid19 het 'n verwoestende impak op ons almal, veral op die mees kwesbaarste in ons gemeenskappe. In die wonderlike gees van die Suid-Afrikaanse Ubuntu het sake en individue bymeekaargekom om van hierdie swaarkry te probeer verlig, waarvan hongerte waarskynlik een van die ergste is.

Die Swartland-groep het die dringende gesien om betrokke te raak by die voedingskemas in die Atlantis- en Moorreesburg-areas om die gemeenskappe rondom ons te ondersteun. Sedert die uitbreek van die virus het hierdie sokkombuise onder geweldige druk gekom, namate die broodwinners van gesinne werkloos word.

Die afgelope week alleen het ons 'n bydrae gelewer tot die uitdeel van 5070 pakkies regoor die verskillende sokkombuise. Sommige bied een groot maaltyd per dag aan, terwyl ander 'n klein middagete aan die kinders bied en later in die namiddag 'n droë/rou kospakkie vir gesinne uitdeel om huis toe te vat om te kook. Oud en jonk staan twee maal per week vir hierdie maaltye, soms drie keer per week as hulle gelukkig is. Sommige gesinne wag dae vir 'n behoorlike maaltyd, dus speel hierdie inisiatiewe so 'n belangrike rol om te sorg dat daar na ons gemeenskappe omgesien word.

Ons dra by tot die volgende voedingskemas:

- Mamre Moravian
- Ubuntu
- Shades Foundation
- Pella Soupkitchen
- Tannie se Sokkombuis
- Saamwerk
- HIV Aids Network
- Albatros
- Rock Vijura
- Boskor
- Alice Soup Kitchen
- Smiles Soup Kitchen
- Witsand Soup Kitchen
- Atlantis First Baptist
- Sinethemba CDC
- Georgina's Kitchen
- Sarah Sokkombuis
- Youth Rehabilitation
- Moorreesburg Sokkombuis

Ons stem saam dat die verskaffing van kospakkieë nie 'n langtermynoplossing is nie, maar wel baie noodsaaklik is gedurende die tyd om die lyding wat ons gemeenskappe ervaar te verlig. Ons moedig individue en ondernemings aan om te help waar hul kan.



Look out for us on the road



Summit XPS Fabriek

"Sukses word nie vir jou op 'n skinkbord aangedra nie, dit verg harde werk en selfdissipline" sê Andy Davids, produksie-bestuurder van ons nuwe Swartland Insulasie-fabriek. Swartland Insulasie se span volg dié werksedek getrou na.

Die uitleg en installering van ons masjiene het vroeg Januarie begin, en die projekspan het baie tyd en energie bestee om te seker te maak dat al die masjiene reg werk en opgekoppel is. Teen middel Februarie het ingenieurs van Taiwan en Italië by die projekspan aangesluit en met

hul tegniese kennis die masjiene aangeskakel en getoets.

Daar is altyd nuwe uitdagings in nuwe vervaardigings-uitlegte, en in dié geval was Lockdown beslis die grootste een. Opleiding deur die buitelandse Ingenieurs is uitgestel, en produksie en opleiding is onderbreek.

Met die verligting van Covid-regulasies op 1 Mei, is almal terug fabriek toe met die doel om te "Divide and Conquer". Almal het ingespring en gehelp waar hulle kon deur insette, rigting en leiding te gee. "Ondervinding kan nie gekoop kan word nie, maar dit is 'n

geweldig goeie gevoel om iets nuut te kan leer" sê Andy.

Die nuwe Summit XPS-fabriek verskil heelwat van die ander Swartland fabrieke. Die produksielyn is as 'n "1-piece flow" opgestel en is meer kompleks, omdat dit nie sommer net gestop kan word nie. Dié lyn is gesinkroniseer en al die prosesse is van mekaar afhanklik. Dit beteken dat almal wat op die lyn werk alle take moet kan verrig. Die Summit XPS-produk self is ook baie sensitief en moet nie baie hanteer word nie, daarom is dit belangrik dat die lyn konstant vloei.

Die Summit-span bestaan uit net 13 lede: 'n produksie-bestuurder, 'n admin-persoon, twee voormanne, sewe operateurs en twee hyser-drywers. Almal werk 'n 24-uur skof oor 4 dae (12-uur dag- en nagskofte van Maandae tot Donderdae).

"Ons is baie trots op die Swartland Insulasie-span en wat hulle hier bereik het - almal het baie hard gewerk om die fabriek aan die gang te kry. Summit se leuse is "Bo Verwagting", en dit lewer hulle op alle vlakke - van vervaardiging en logistiek tot verkope en naverkoopdiens." sê Bruce trots.

Summit flyer drop off cnr. De Bron and Okavango



NEW

